**SKRIFLESING**: Psalm 8
**Tema:** Ons snak na asem oor ons God en oor onsself.

Wanneer laas het jy gesnak na asem omdat jy in verwonder was oor iets?
In my geestesoog sien ek Dawid daar in die veld by die skape sit. Hy sit en kyk na die skepping en snak na sy asem wanneer hy Psalm 8 as loflied skryf. Hy hoef net rondom hom te kyk om God se grootheid te sien en te beleef. Sy loflied begin en einde met met die woorde van Ps 8:1 en 10 wat die raamwerk is wat die Psalm omraam.
Binne die raam van die verwysing na God word daar dan oor die mens gepraat, maar nooit los van God en van ons verhouding tot God nie. Die begin en die einde van alles is God.

Die hemel is die werk van die Here se vingers. Hy gee aan die maan en sterre hul plek. Die aarde is een van klein planete in ons sonnestelsel. Ons sonnestelsel behoort weer aan die melkwegstelsel wat 95 (met 16 nulle) km lank is. Ons melkweg bestaan uit 100 biljoen (12 nulle) sterre. Ons melkweg beslaan maar een biljoenste (12 nulle) van die ruimte in die heelal waarvan wetenskaplikes tans weet. Wetenskaplikes weet tans van 200 miljoen sulke sterrestelsels soos ons melkwegstelsel. Dit laat ons snak na asem oor hoe groot die Here regtig is.

Jare gelede het Isaac Newton ‘n presiese skaalmodel van ons sterrestelsel gebou.
In die middel was ‘n groot goue bal wat die son verteenwoordig. Reg rondom dit was kleiner balle aan stokkies en toutjies wat die res van die planete was. Almal was aanmekaar met ratte en belde wat die planete in perfekte bane om die son laat draai het.

Eendag, terwyl Isaac Newton besig was met hierdie model, het ‘n vriend kom kuier.
Hy was uitgesproke oor die feit dat hy nie in God en die Bybelse skeppingsverhaal glo nie. Toe hy die model sien en hoe die planete in hul presiese wentelbane beweeg, het hy in verwondering gestaan en wou weet wie die model vir Newton gebou het?
“Niemand nie”.
“Niemand nie?”
“Dis reg”, het Newton gesê, “niemand nie.
Die balle, ratte, toue en belde het sommer net so bymekaar gekom, en wonder bo wonder, heel per toeval, in hul eie bane begin beweeg, in perfekte harmonie en met perfekte tydsberekening!”

Ons weet Newton was in sy antwoord redelik sarkasties. Ons God is die Skepper en almagtige God.
Dawid sing oor hoe wonderbaar sy naam oor die hele aarde is. Hierdie Naam word in verskillende vertalings beskryf as: wonderbaar, vol majesteit, majestueus, heerlik en magtig. God se Naam beskryf God se toeganklikheid, sy teenwoordigheid en die getrouheid aan sy beloftes. Sy Naam openbaar sy wese en karakter. Hier het sy Naam te make met sy goddelike almag en beskikking. Die verwondering teenoor die groter skepping staan sentraal, maar die skepping word in verband gebring met die Naam van God.
God is Skepper en almagtige God wat hierdie dinge maak gebeur,maar Hy is nog meer as dit. Hy is nie ‘n veraf onpersoonlike en onbetrokke here nie. Hy is die Here, ons Here. Hy het met sy eie lewe betaal om ons syne te maak. Hy het gekies om ons nuwe Eienaar en Besitter te wees.

Wanneer ons so ietsie hiervan besef en sy grootheid sien en ervaar kan ons nie anders as om sy grootheid te besing nie. Die hele aarde saam met volwassenes, kinders en suigelinge sing sy teenstanders stil. Ons sing oor wie Hy is. Maar wie is ons?

Waar pas ons in hierdie hele prentjie in? Is ons maar 'n nietige stukkie onbeduidende niks, 'n pion op sy skaakbord of 'n stoffie op sy skaal? Ons is inderdaad klein en verganklik en broos. Die pandemie het dit opnuut kom bevestig.

Wat is die mens? Die antwoord slaan my asem weg.
Ons wat onsself en ander so maklik afbreek, verkleineer en geringskat, ons waarde word deur God bepaal. Ons is kosbaar vir God. Ons is medewerkers van God.
Sien en hoor opnuut wie jy is in Psalm 8:4-7: (Die Boodskap)
"As ek opkyk na alles wat U in die hemelruim gemaak het, al die planete, melkwegstelsels en miljoene sterre, snak ek na my asem as ek sien hoe piepklein die mens regtig is. En tog, hoeveel gee U nie om vir hierdie piepklein mensie nie!
Dink net: U sorg vir hom. Hy is vir U belangrik.
U het hom so belangrik gemaak dat hy amper soos U is;
U behandel hom soos 'n koning;
U gee 'n baie hoë posisie aan hom.
U wil hê dat die mens oral moet wys hoe groot U is.
Hy is mos u verteenwoordiger.
U laat hom soos 'n baie groot leier oor U handewerk regeer. Hy moet vir alles sorg wat U gemaak het."

In Ps 8:6 staan daar eintlik soos in die 2020 vertaling vertaal: "U het hom net minder as 'n god gemaak" Ons is meer as enige ander deel van God se goeie skepping. Ons is meer as die hemelse wesens. Ons is net minder as God self! Glo jy dit? Leef jy so?

Ons moet egter ook mekaar daaraan bly herinner dat God ons gemaak en ons net onder Homself geplaas het. Dit is 'n uitgelese posisie, maar dit is ook 'n posisie van afhanklikheid van God.
Die mens wat in hierdie ereposisie geplaas is, maar nie binne sy verhouding met God bly nie, verstaan nie sy plek nie. Met ander woorde ons is net minder as God self solank as wat ons in 'n lewende geloofsverhouding met Hom staan.

**Afsluiting**
Kom ons sien weer 'n slag die grootheid en almag van God in sy skepping. Dan snak ons in verwondering na asem. Kom ons kyk na onsself soos Hy ons sien en ons snak na asem.
En kom ons sluit dan aan by die hele skepping se loflied tot sy eer, 'n loflied wat sy teenstanders laat stil word.
Amen